# H O O F S T U K II

## FAKTORE WAT ONDERWYSONTWIKKELING BEÏNVLOED HET

### 1. Inleiding

Uit die onderwysgeskiedenis van Suidwes-Afrika blyk dit dat daar 'n aantal faktore was wat baie jare lank 'n belangrike invloed op die algemene ontwikkeling van die onderwys uitgeoefen het. Om die onderwysontwikkeling in sy geheel en teen die agtergrond hiervan te sien word die belangrikste faktore nader ondersoek.

### 2. Wetgewende en uitvoerende gesag

Die konstitusionele ontwikkeling in Suidwes-Afrika het 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van die onderwys uitgeoefen. Die ontwikkeling van die onderwys het veral in noue verband gestaan met die wetgewende gesag en die persoon of liggaam by wie die uitvoerende gesag met betrekking tot onderwys berus het.

Reeds in 1920 het die Unieregering 'n kommissie aangestel om aanbevelings in verband met die toekomstige bestuur van die land te maak [1]. Die aanbevelings van die Ondersoekkommissie het aanleiding gegee tot die aanstelling van 'n adviserende raad van ses lede wat verskillende sektors, nl. landbou, handel, mynbou, loontrekkers en Bantoes, verteenwoordig het. Die bevoegdhede van die Raad het sake soos die beskikbaarstelling van fondse vir die staatsdiens, die toewysing van uitgawes en sake betreffende wetgewing en die administrasie van die gebied ingesluit [2]. Die onderwys was nie verteenwoordig in die liggaam wat die Administrateur in verband met finansies en wetgewing moes adviseer nie.

Op 1 Januarie 1921 is krygswet herroep en het die Goewerneur-generaal, ingevolge Uniewet no. 49 van 1919 aan die Administrateur opdrag gegee en gesag aan hom verleen om/..... 16

1. Interim and final reports of the commission appointed to enquire into the question of the future form of Government in the South-West Africa Protectorate.
2. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1920, 5.

verleen om by wyse van proklamasie wetgewing vir die gebied af te kondig. Hierdie wetgewing was onderworpe aan enige opdragte wat die Goewerneur-generaal van tyd tot tyd kon uitreik [1]. Alhoewel die Staatshoof van die Unie, dit wil sê die Mandataris, enigiets wat die Administrateur gedoen het, nietig kon verklaar, het die wetgewende en uitvoerende gesag by hom berus en het hy feitlik outokratiese magte gehad [2].

Met die aanname van die Suidwes-Afrika Konstitutie Wet, 1925 (no. 42 van 1925) deur die Unieparlement is daar, onderhewig aan sekere beperkings, vir verteenwoordigende bestuur voorsiening gemaak. Volgens die wet is die landsbestuur saamgestel uit die Administrateur, die Adviserende Raad [3], die Uitvoerende Komitee en die Wetgewende Vergadering. Laasgenoemde het uit twaalf verkose en ses genomineerde lede bestaan.

Artikel 27 van die wet het bepaal dat, tensy die Goewerneur-generaal dit vooraf goedkeur, die Wetgewende Vergadering nie voor die verstryking van drie jaar na die eerste sitting van die eerste sessie van die Vergadering enige bevoegdheid sou hê om oor sekere aangeleenthede ordonnansies te maak nie. Hierdie aangeleenthede het o.a. primêre en sekondêre onderwys in skole wat uit die inkomste van die gebied in stand gehou of ondersteun is, ingesluit [4]. Enige tyd na die verstryking van drie jaar kon die Goewerneur-generaal op versoek van 'n tweederdemeerderheid van die Wetgewende Vergadering die wetgewende liggaam by wyse van proklamasie magtig om oor genoemde sake wetgewing aan te neem. Die vereiste van 'n tweederdemeerderheid

het meegebring/.. 17

---

1. Die Wette van Suidwes-Afrika, 1915 - 1922, 8. Proklamasie no. 1 van 1921.
2. Report of the South-West Africa Commission 1936, 8.
3. Die samestelling van die Adviserende Raad is verander na 8 lede, nl. die Administrateur, die 4 lede van die Uitvoerende Komitee en 3 lede deur die Administrateur benoem, van wie een lid 'n besondere kennis van Bantoesake moes hê.
4. Rapport aan die Volkebond omtrent die Administrasie van Suidwes-Afrika 1928, 4. Die drie jaar sou op 14 Junie 1929 verstryk. Geen bevoegdheid om wette oor die verskanste aangeleenthede te maak is deur die Goewerneur-generaal verleen nie.

het meegebring dat primêre en sekondêre onderwys baie jare lank van die gesag van die verteenwoordigers van die volk, vir wie se kinders dit bedoel was, uitgesluit was. Tot 1949 het die volksverteenwoordigers slegs adviserende magte besit ten opsigte van die fundamentele regte wat die opvoeding van die jeug geraak het, terwyl die Administrateur alleen die wetgewende en uitvoerende magte besit het.

Die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1949 (no. 23 van 1949) het Artikel 27 herroep, en daarmee het onderwysaangeleenthede die verantwoordelikheid van die Wetgewende Vergadering geword. Die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee het die uitvoerende gesag geword. Saam met ander faktore was dit 'n nuwe stimulus vir onderwysontwikkeling in Suidwes-Afrika.

Die eerste onderwyswetgewing is vervat in die Onderwijs Proklamatie, 1921 (no. 55 van 1921) en het op 1 Januarie 1922 in werking getree [1]. By die opstel van die proklamasie is van die Kaaplandse Onderwysordonnansie, nl. Ordonnansie no. 5 van 1921, gebruik gemaak. Die inhoud van laasgenoemde ordonnansie is gewysig en by plaaslike omstandighede aangepas.

Die ontwikkeling wat plaasgevind het, en ook die gewysigde onderwysbeleid van 'n nuwe administrateur, mnr. A.J. Werth, wat op 1 April 1926 sy ampspligte aanvaar het, het die hersiening en konsolidasie van die onderwyswetgewing noodsaaklik gemaak. Op 11 September 1926 het die Administrateur Onderwys Proklamasie, 1926 (no. 16 van 1926) onderteken en 1 Oktober 1926 as die datum van inwerkingtreding bepaal [2]. Hierdie proklamasie is in 1949 gekonsolideer, in 1953 aangevul deur die Ordonnansie op Spesiale Skole, 1953 (no. 18 van 1953), wat voorsiening vir die opvoeding van die afwykende kind gemaak het en wat tot 1960 nog die geldende onderwyswet in Suidwes-Afrika was. Hersiening van die wet is noodsaaklik, maar vrugtelose pogings is die afgelope dekade aangewend om iemand

te vind/....... 18

1. Onderwijs Proklamatie, 1921 en Regulaties, artikel 135.
2. Onderwys Proklamasie, 1926, artikels 158 en 159.

te vind om die hersiening te onderneem [1].

3. Geografiese en ekonomiese faktore

a. Geografiese en aanverwante faktore

Suidwes-Afrika beslaan 'n totale oppervlakte van 318,261 vk. myl, waarvan 258,571 vk. myl die sogenaamde Polisiesone, is. Met die uitsondering van die inboorlingreservate en die Rehobothgebied binne die Polisiesone was die hele gebied beskikbaar vir die permanente vestiging van blankes.

Volgens 'n sensus gehou in 1921 (toe die eerste onderwysproklamasie opgestel is), was die totale blanke bevolking 19,432, van wie 8,657 minderjariges en 10,775 volwassenes was. In sewe van die sewentien distrikte was die bevolking meer as 'n duisend, terwyl die syfers in die ander distrikte van 242 tot 891 gewissel het. Van hierdie bevolking was 7,855 van Duitse afkoms, en hulle het nog in 'n groot mate vir hulle kinders 'n aparte onderwysstelsel in stand gehou [2].

Met inagneming van die groot oppervlakte waaroor hierdie klein bevolking versprei was, sy onderlinge verdeeldheid, die gebrek aan behoorlike kommunikasiefasiliteite soos paaie en vervoermiddele, was dit nie 'n maklike taak om 'n onderwysbeleid wat voorsiening vir elke blanke kind binne sy grense sou maak, neer te lê nie.

Alhoewel die posisie in 1960 in 'n groot mate verander het, bly die gebied met sy 73,105 blankes, van wie 19,378 in Windhoek woon, nog dunbevolk. Van die totale bevolking is 53,729 in dorpe gekonsentreer, terwyl 19,376 oor die platteland versprei is [3]. Die huidige fenomenale verbetering in kommunikasiestelsels en -middele los egter baie van die eertydse probleme op en die uitgestrektheid van die land is nie meer 'n noemenswaardige struikelblok vir doeltreffende primêre en sekondêre onderwys nie.

Verder kan daarop gewys word dat die westelike kusgebied 'n woestyn is, terwyl die land aan die oostekant deur/...... 20

1. U.K.-notules, 20.5.1953. Besluit 452 op Memorandum A179/1, gedateer 18.5.1953.
2. Rapport van de Administrateur voor het jaar 1921, 5.
3. Sien Tabel I.

TABEL I

VERSPREIDING VAN BLANKE BEVOLKING IN SUIDWES-AFRIKA

(Volgens sensussyfers vir 1960)

| Landdros-distrikte | Totaal | Platteland (dorpe uitgesluit) | Dorpe | |
|---|---|---|---|---|
| Bethanie | 918 | 585 | Bethanie | 333 |
| Gibeon | 4,406 | 2,144 | Mariental<br>Aranos<br>Gochas<br>Stampriet<br>Gibeon | 1,399<br>409<br>204<br>148<br>102 |
| Gobabis | 4,710 | 2,584 | Gobabis<br>Witvlei<br>Leonardville | 1,851<br>125<br>150 |
| Grootfontein | 3,896 | 2,125 | Grootfontein<br>Otavi | 1,197<br>574 |
| Karibib | 2,632 | 526 | Karibib<br>Usakos | 478<br>1,628 |
| Keetmanshoop | 5,238 | 1,492 | Keetmanshoop<br>Koës<br>Aroab | 3,427<br>166<br>153 |
| Lüderitz | 3,833 | 452 | Lüderitz<br>Aus<br>Oranjemund | 1,131<br>232<br>2,018 |
| Maltahöhe | 852 | 537 | Maltahöhe | 315 |
| Okahandja | 2,193 | 960 | Okahandja | 1,233 |
| Omaruru | 1,212 | 462 | Omaruru | 750 |
| Otjiwarongo | 4,118 | 858 | Otjiwarongo<br>Kalkveld | 3,055<br>205 |
| Outjo | 3,427 | 1,743 | Outjo<br>Welwitschia<br>Kamanjab | 1,383<br>251<br>50 |
| Rehoboth | 1,126 | 1,021 | Rehoboth | 105 |
| Swakopmund | 2,766 | 252 | Swakopmund<br>Venita | 2,419<br>95 |
| Tsumeb | 3,597 | 589 | Tsumeb | 3,008 |
| Walvisbaai | 4,834 | 52 | Walvisbaai | 4,782 |
| Warmbad | 2,453 | 1,478 | Warmbad<br>Karasburg | 132<br>843 |
| Windhoek | 20,894 | 1,516 | Windhoek | 19,378 |
| TOTAAL | 73,107 | 19,378 | | 53,729 |

kant deur die Kalahari begrens word. Die reënval is laag en wisselvallig. Onderaardse water, behalwe in sekere streke waar artesiese water gevind word, is skaars en diep. Hierdie toestande het veral vroeër jare tweërlei uitwerking op die boerebevolking gehad, t.w. enersyds die neiging om rond te trek en andersyds die gebruik om hulle in die gebiede met meer standhoudende waters te vestig. Tesame met ander faktore het dit verder veroorsaak dat ʼn skool van die een plek na ʼn ander verskuif moes word, omdat die getal kinders op een plek verminder het en ʼn groter konsentrasie elders in die omgewing ontstaan het.

b. Ekonomiese faktore

Die land is vir sy inkomste van die ontginning van sy minerale bronne en van die ontwikkeling van sy boerdery afhanklik. Afgesien van die kreef- en visnywerheid, wat eers in die jongste jare gevestig is, lewer nywerheidsontwikkeling groot probleme op. Inkomste uit boerdery en mynbou, albei bedrywe wat baie gevoelig vir faktore van buite is, vorm die grondslag van die land se ekonomie.

Suidwes-Afrika is in hoofsaak ʼn land vir veeboerdery, wat nie slegs groot kapitaal vereis om te vestig nie maar wat ook uitermate gevoelig vir droogtes, waterskaarste en veesiektes is. Tydens sodanige periodieke terugslae word nie net die ekonomiese posisie nadelig beïnvloed nie, maar vereis die landboubedryf ook nog finansiële steun van die Staat.

Die mynbousektor, waar diamante en koper die twee vernaamste bronne van inkomste is, het nie altyd die verwagte inkomste gelewer nie. Die uitvoerwaarde van diamante en koper hang van die mark af, en in albei gevalle is groot skommelinge in die markwaarde ondervind [1]. Die belangrikste koperproduserende myn in die gebied moes onder meer gedurende die periode 1915 tot 1960 drie keer sluit [2], terwyl die diamantbedryf

ook skom-/..... 21

1. Rapport aan die Volkebond omtrent die Administrasie van Suidwes-Afrika, 1928, 31.
2. Söhnge, G.: A precis of Tsumeb History. (Artikel in die skoolblad van die Sekondêre Skool, Tsumeb, 1963). Die myn was gesluit van 1914 tot 1921, 1932 tot 1937 en weer gedurende Wêreldoorlog II tot 1947.

ook skommelinge ervaar het.

Gedurende die depressie van die vroeë dertigerjare het die diamantmark in duie gestort en gelyktydig het die land ꞌn ongekende droogte beleef. Die uitvoer van minerale, wat ꞌn lang tyd ꞌn inkomste van meer as £2,000,000 per jaar gelewer het, het gedaal tot £91,000. Boere, veral in die suidelike gebied, het tot 80% van hulle veestapel verloor [1].

Aangesien die ekonomiese nood gedurende hierdie periode op sy hoogste was [2], was dit onvermydelik dat die ontwikkeling van die onderwys deur die beperkte, soms wisselvallige bronne van inkomste van die land gekortwiek sou word.

## 4. Stryd tussen die twee vernaamste bevolkingsgroepe

Die Duitse bevolking was uit die staanspoor bereid om ter wille van hulle regte en, soos dit deurgaans genoem is, vir die behoud van hulle „Deutschtum" te stry.

In die eerste algemene verkiesing wat ingevolge die nuwe konstitusiewet plaasgevind het, het die Duitse kiesers daarin geslaag om sewe van die twaalf setels te verower. Die Administrateur, wat ses lede moes benoem, het twee verteenwoordigers van die meerderheidsgroep en vier lede van die minderheidsgroep benoem, wat die twee groepe gelyke verteenwoordiging in die Wetgewende Vergadering gegee het [3].

Ten gevolge van hierdie gelykopverdeling sou dit sonder die samewerking van die twee groepe nie moontlik wees om die magte van die Wetgewende Vergadering kragtens Artikel 27 van die Konstitusiewet uit te brei nie. Dié samewerking kon nie verkry word nie, want die politieke atmosfeer het ernstige botsings tussen die twee volksgroepe veroorsaak [4].

By die/........ 22

1. Report of the South-West Africa Commission 1936, 12.
2. Id., 12. Tekort vir die tydperk 1930 tot 1934 het £723,000 beloop en rente en delgingskoste het hoë eise aan die land se inkomste gestel.
3. Id., 11.
4. Id.

By die volgende verkiesing in 1929 het die Unie-groep agt setels verower teenoor die vier van die Duitse groep. Van die ses genomineerde lede het die Administrateur drie aan elke groep toegewys [1]. Andermaal het nie een van die twee seksies oor 'n tweederdemeerderheid, wat nodig was om uitgebreider magte te verkry, beskik nie [2]. Pogings om met die vereiste meerderheid 'n groter mate van selfbestuur te verkry het telkens misluk.

Gedurende die depressiejare met die gelyktydige droogte het die bevolking van die land verarm, en die regerende party se bestuur van landsake het die skuld daarvoor gekry. Die enigste oplossing vir sommige van die veelvuldige en ernstige probleme was om nouer samewerking tussen die twee partye te bewerkstellig met die oog op die verkryging van meer uitgebreide magte [3].

Die Duitse bevolking het hierdie geleentheid gebruik om verdere eise te stel, onder andere die erkenning van Duits as derde amptelike taal in die gebied. Na oorlegpleging tussen die leiers en na verdere onderhandeling met die Regering van die Unie is die sogenaamde Kaapse Ooreenkoms gesluit, waarvolgens aan al die eise van die Duitsers toegegee is [4]. Dit was 'n baie belangrike stap in die rigting van gelyke behandeling van alle seksies van die gemeenskap, nouer samewerking, die verkryging van 'n groter mate van selfbestuur en 'n oplossing vir die land se vraagstukke deur eendragtige optrede.

Daar was egter faktore aan die werk wat hierdie beoogde samewerking sou laat misluk. Een faktor was 'n strewe by die Duitse leiers om Suidwes-Afrika al hoe meer as 'n onafhanklike, selfstandige staat te laat ontwikkel, en enige poging om die land as 'n vyfde provin-

sie van die/.... 23

---

1. Die Suidwes Afrikaner, 12.7.1929.
2. Id., 19.7.1929.
3. Joubert: Partypolitieke groepering in Suidwes-Afrika sedert 1915, 98 - 100.
   Report of the South-West Africa Commission 1936, 13.
4. Joubert: a.w., 100, 101.

sie van die Unie te administreer was vir hulle onaanneemlik. Die vyfde-provinsie-beweging het 'n struikelblok geword [1].

Die tweede faktor was die opkoms van die Nasionaalsosialistiese Duitse Arbeidersparty (N.S.D.A.P.) in Duitsland, wat later die teruggawe van die voormalige Duitse kolonies geëis het [2]. Hierdie party het sy verskyning in Suidwes-Afrika gemaak, die grootste gedeelte van sy landgenote in een groep saamgesnoer en hulle geïnspireer tot die stryd om verwesenliking van hul hoogste doel en strewe, nl. om Suidwes-Afrika weer aan sy eertydse besitter te besorg. Enige verdere poging tot samewerking sou tevergeefs wees.

Die sameloop van omstandighede het meegebring dat daar geen vordering op konstitusionele gebied gemaak is nie. Afgesien van die verkryging van die nodige groter seggenskap in eie sake het die stryd tussen die twee bevolkingsgroepe gedurende die dertigerjare 'n gevoel van onsekerheid in die land geskep. Dit het nie net die ontevredenheid van die bevolking laat aangroei nie, maar dit het ook die ontwikkeling van die land vertraag, omdat dit voornemende kapitaalbeleggers afgeskrik het [3]. Kosbare tyd wat tot voordeel van die land se ontwikkeling aangewend kon gewees het, is in beslag geneem deur 'n politieke stryd wat eers met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog ten einde geloop het.

5. <u>Die Tweede Wêreldoorlog 1939-1945</u>

Die Tweede Wêreldoorlog het 'n einde aan die stryd tussen die twee bevolkingsgroepe gemaak en die Duitse element as 'n politieke faktor uitgeskakel. Na die oorlog sou 'n nuwe bedeling begin, en die geleentheid het gekom om die nodige konstitusionele aanpassings te maak.

Alhoewel die oorlog skynbaar nie 'n noemenswaardige inbreuk op die gewone onderwysaktiwiteite gemaak

het nie,/ ... 24

---

1. Report of the South-West Africa Commission, 1936, 14.
2. Id., 14.
   Pretorius: Die staatkundige ontwikkeling van Suidwes-Afrika, 27.
   Windhoek Advertiser, 2.8.1933.
3. Report of the South-West Africa Commission, 1936, 53.

het nie, kan die feit dat dit tog 'n periode van betreklike stilstand ten opsigte van ontwikkeling veroorsaak het, nie weggeredeneer word nie. Omdat die besteding van fondse en die handhawing van 'n gesonde ekonomiese beleid streng gekontroleer en verseker moes word, kon aansoeke om uitbreiding van onderwysfasiliteite nie altyd gunstig oorweeg word nie [1]. Ontwikkelingskemas wat die Direkteur van Onderwys in gedagte gehad het, moes noodwendig agterweë gelaat word [2].

Die onderwys van die Duitse kind het 'n ernstige terugslag gekry. Na die oorlogsverklaring in 1939 was die eerste stap van owerheidsweë om alle leerplanne wat in staatskole in gebruik was, in Duitse privaatskole verpligtend te maak. Hiermee het die „Abitur"-eksamen [3] opgehou om te bestaan [4].

Van die Duitse onderwysers in staatskole en in Duitse privaatskole is 35% en 78.5% onderskeidelik geïnterneer. Dit het die voortgang van die onderwys aan bande gelê [5].

Na die beëindiging van die oorlog en met ingang van Januarie 1946 is Duits as voertaal in staatskole afgeskaf. In privaatskole kon Duits nog as voertaal gebruik word, maar by aflegging van die st. VI-eksamen moes aan dieselfde vereistes wat vir die betrokke eksamen in staatskole gestel is, voldoen word [6].

Alhoewel die onderwys normale voortgang gemaak het, het die uitslag van die oorlog vir die onderrig van die Duitse kind nuwe toekomsbeplanning meegebring. Wysiging van die onderwyswetgewing sou nodig wees.

6. <u>Die verkryging van 'n groter mate van selfbestuur</u>

Na onderhandeling tussen die Unieregering en

verteenwoor-/... 25

1. Jaarrapport 1942, 5.
2. Id., 1940, 1.
3. Die „Abitur", ook genoem die „dertiende skooljaar" verleen toegang tot Duitse universiteite. 'n Vergunning is voorheen deur die Duitse Regering gemaak dat die kursus vir die aflegging van die eksamen met een jaar verkort word sodat dit gelyktydig met die matrikulasie-eksamen afgelê kon word.
4. Jaarrapport 1945, 3.
5. Id., 1939, 6.
6. Id., 1945, 4.

verteenwoordigers van die verskillende belanghebbende groepe in Suidwes-Afrika is die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1949 (no. 23 van 1949) op 19 April 1949 deur die Unieparlement aangeneem.

Die Eerste Minister het verklaar dat die hoër status wat Suidwes-Afrika ten gevolge van die Wysigingswet gekry het, gaan meebring dat die gebied, wat uitwendige bestuur betref, vryer as voorheen sou wees. Ten opsigte van inwendige bestuur sou die gebiedsowerheid in die toekoms wetgewend en administratief medeseggenskap met die Mandaathouer hê [1].

Die Adviserende Raad is afgeskaf [2] en die land sou deur die Wetgewende Vergadering met 'n Uitvoerende Komitee, waarvan die Administrateur voorsitter is, bestuur word. Alhoewel die Wetgewende Vergadering nog oor sekere aangeleenthede nie sonder voorafgoedkeuring van die Staatshoof van die Unie ordonnansies kon maak nie [3], het primêre en sekondêre onderwys die volle verantwoordelikheid van die gebiedsowerheid geword [4].

Toestande het na die einde van die oorlog rustiger geword en die gebied het 'n periode van ongekende voorspoed binnegetree. Die bevolking het snel aangewas, en die finansiële posisie van die land het sodanig verbeter dat 'n ernstige droogte en die uitbreek van bek-en-klouseer teen die einde van die vyftiger- en die begin van die sestigerjare te bowe gekom kon word, sonder dat ontwikkeling en inisiatief op alle terreine, ook die onderwys, enigsins aan bande gelê is.

7. Samevatting

Na die opheffing van krygswet na die Eerste Wêreldoorlog is die eerste onderwyswetgewing in 1921 geproklameer . Dit is in 1926 opgevolg deur 'n gewysigde en gekonsolideerde onderwysproklamasie, wat tot 1960 die basis vir onderwyswetgewing gevorm het.

Tussen die/..... 26

1. Die Suidwester, 19.2.1949.
2. Proklamasie no. 137 van 1950 (Unie) bepaal 12 Junie 1950 as die datum van die afskaffing en ontbinding van die Adviserende Raad.
3. Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925 (soos gewysig), artikel 26.
4. Id., artikel 27 herroep.

Tussen die twee wêreldoorloë het Suidwes-Afrika egter 'n besonder moeilike tyd deurgeworstel. Daar was nie slegs die heroriëntering en aanpassing van die bewoners van die gebied by 'n nuwe staatkundige toekoms nie, maar ook tye van ongekende teëspoed, wat slegs deur korter periodes van voorspoed afgewissel is.

Die botsing en stryd tussen die twee bevolkingsgroepe, elk met sy eie siening omtrent die toekoms van hulle land, het 'n gevoel van onsekerheid geskep, wat nie bevorderlik vir die vinnige en gesonde ontwikkeling van die gebied was nie. Daar was vertraging in die gang tot groter selfbestuur, gebrek aan samewerking en doelgerigte strewe ten opsigte van die uitbouing van die land se ekonomie en die oplossing van veelvuldige ander vraagstukke.

Periodieke droogtes en veral die depressie het verhoed dat die land ekonomies volwasse en selfstandig kon word. Sonder 'n gesonde ekonomie is enige ontwikkeling ondenkbaar, en die geringe vooruitgang wat wel moontlik was, het teen 'n slakkegang plaasgevind.

Onder hierdie omstandighede moes daar voortdurend aanpassings op onderwysterrein gemaak word. Toegewings aan groter eise wat deur die Duitse bevolkingsgroep gestel is, het beleidsveranderinge meegebring, terwyl die fluktuerende finansies van tyd tot tyd praktiese aanpassings, wat ook die onderwyswetgewing geraak het, vereis het.

Na die Tweede Wêreldoorlog het sake vir Suidwes-Afrika op konstitusionele, finansiële en onderwysgebied baie gunstig verloop. Die ontwikkeling op die terrein van onderwys het reeds die modernisering van die wetgewing noodsaaklik gemaak.

HOOFSTUK III/.. 27